Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2017

GESKIEDENIS V1

PUNTE: **150**

TYD: **3 uur**

IHISTA1

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie VRAESTEL bestaan uit SES vrae op wat die KABV-inhoudsraamwerk gebaseer is: DRIE brongebaseerde vrae in AFDELING A en DRIE opstelvrae in AFDELING B.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU

2. Bronmateriaal wat nodig is om brongebaseerde vrae te beantwoord kan in die bygaande ADDENDUM VAN BRONNE gevind word.

3. Elke vraag tel 50 punte.

4. Kandidate moet DRIE vrae beantwoord.

   4.1 Ten minste EEN moet ŉ brongebaseerde vraag en minstens EEN moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opstelvraag wees.

5. Kandidate word aangeraai om bestee EEN uur per vraag te spandeer.

6. Wanneer kandidate vrae beantwoord, moet hulle toepassing van kennis, vaardighede en insig demonstreer.

7. Blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal tot nadeel van kandidate wees.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

10. Begin elke vraag op ŉ nuwe bladsy en trek ŉ lyn aan die einde van elke vraag.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900–1940

WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE BOLSJEWISTIESE REWOLUSIE IN RUSLAND IN 1917?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Wat, volgens die bron, was die doelstellings van die vergadering van die Russiese Werkende Mans? (2 x 1) (2)

1.1.2 Wie, volgens die inligting in die bron, het die vergadering van die Russiese Werkende Mans gevorm? (1 x 1) (1)

1.1.3 Verduidelik waarom jy dink Vader Gapon het besluit om sy aanvanklike rol in die vergadering van die Russiese Werkende Mans te verlaat. (2 x 2) (4)

1.1.4 Noem enige TWEE eise wat vervat was in die petisie wat Vader Gapon aan die Tsaar van Rusland gestuur het. (2 x 1) (2)

1.1.5 Verduidelik waarom die inligting in Bron 1A as bruikbaar beskou kan word vir 'n historikus wat die oorsake van die Russiese revolusie bestudeer. (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Deur gebruik te maak van die visuele leidrade in die bron noem TWEE eise wat deur die protesterende werkers gemaak is. (2 x 1) (2)

1.2.2 Haal bewyse uit die bron aan wat die siening dat die werkers nie gelukkig was met wat die Tsaristiese regering besig was om te doen nie, ondersteun. (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik die belangrikheid van die demonstrasie deur die werkers, in die konteks van die Russiese revolusie. (2 x 2) (4)

1.3 Hoe ondersteun die bewyse in Bron 1B die inligting in Bron 1A met betrekking tot die groeiende ongelukkigheid onder die mense van Rusland met die regering van die tsaar? (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.4 Raadpleeg Bron 1C.

1.4.1 Verduidelik wat Lenin bedoel het toe hy gesê het: 'Die mense benodig vrede, die mense benodig brood en die mense benodig grond.' (2 x 2) (4)

1.4.2 Definieer die konsep *proletariaat* in die konteks van die Russiese revolusie. (1 x 2) (2)

1.4.3 Verduidelik waarom jy dink die betrokkenheid van die matrose van die Kronstadt-vlootbasis tydens die rewolusie, 'n belangrike verwikkeling vir die Bolsjewiste was. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Wie, volgens die inligting in die bron, was die leier van die Bolsjewiste in Rusland terwyl Lenin in ballingskap in Finland was? (1 x 1) (1)

1.5.2 Wat, volgens die inligting in die bron, was die basiese eise van die mense van Rusland in hul verwerping van die Kerensky-regering? Noem enige TWEE eise. (2 x 1) (2)

1.5.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom dit relatief maklik was vir die Bolsjewiste om die Kerensky-regering omver te werp. (2 x 2) (4)

1.6 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van omtrent AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die oorsake van die Bolsjewistiese rewolusie in Rusland in 1917 bespreek. (8)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE GROOT DEPRESSIE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1930's?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Hoe, volgens die inligting in die bron, is boere negatief geraak deur die droogte tydens die Groot Depressie? (2 x 1) (2)

2.1.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die plakkersdorpies 'Hoovervilles' genoem is. (2 x 2) (4)

2.1.3 Hoe, volgens die inligting in die bron, is families (huishoudings) geraak deur die Groot Depressie? (2 x 1) (2)

2.1.4 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron, noem die uitwerking van die Groot Depressie op die Amerikaanse Droom. (2 x 1) (2)

2.1.5 Verduidelik die bruikbaarheid van die inligting in die bron vir 'n historikus wat navorsing doen oor die impak van die Groot Depressie op die Amerikaanse volk doen. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Verduidelik waarom Hoover se regering nie daarin kon slaag om betyds teen die effek van die Groot Depressie op te tree nie. (2 x 2) (4)

2.2.2 Waarom, volgens jou mening, het die VSA sulke hoë vlakke van werkloosheid ervaar? (2 x 2) (4)

2.2.3. Waarom, volgens die inligting in die bron, het die banke besluit om hul lenings terug te roep? (1 x 2) (2)

2.3 Verwys na Bron 2C.

Deur gebruik te maak van die visuele leidrade in die bron, noem die soort verversings wat by hierdie sentrum aangebied is. (2 x 1) (2)

2.4 Op watter manier ondersteun Bronne 2B en 2C mekaar ten opsigte van die impak wat die Groot Depressie op die Amerikaanse samelewing gehad het? (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Deur gebruik te maak van die bron en jou eie kennis, definieer die konsep *Groot Depressie* in die konteks van die gebeure van die 1930's in die Verenigde State van Amerika. (1 x 2) (2)

2.5.2 Gee TWEE voorbeelde van onaanvaarbare sosiale gedrag wat algemeen geword het in die Verenigde State van Amerika as gevolg van die impak van die Groot Depressie. (2 x 1) (2)

2.5.3 Waarom, volgens jou mening, het hoër onderwys buite bereik van die gewone Amerikaanse burger geraak? (2 x 2) (4)

2.5.4 Verduidelik waarom baie mans besluit het om weg te loop van hul gesinne, wat as die 'arm man se egskeiding' bekend gestaan het. \ (2 x 2) (4)

2.6 Deur gebruik te maak van inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van omtrent AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die gevolge van die Groot Depressie in die Verenigde State van Amerika in die 1930's bespreek. (8)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU

HOE HET NAZI-DUITSLAND DIE MENSEREGTE VAN MINDERHEIDSGROEPE TUSSEN 1933 EN 1945 GESKEND?

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

3.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die konsep, *anti-Semitisme,* in die konteks van Nazi-Duitsland te verduidelik. (1 x 2) (2)

3.1.2 Hoeveel Jode, volgens die inligting in die bron, het in Duitsland gewoon teen 1933? (1 x 1) (1)

3.1.3 Noem enige VIER bewyse van sabotasie waarvoor die Jode in Duitsland geblameer is om anti-Semitisme te bevorder. (4 x 1) (4)

3.1.4 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom die Duitse amptenare wat die vredesooreenkoms wat die Eerste Wêreld-oorlog beëindig het, onderteken het, "November misdadigers" genoem is. (2 x 2) (4)

3.1.5 Waarom, volgens jou mening, was dit nodig om duidelike wetgewing te hê wat omskryf het wie ʼn Jood en wie ʼn Ariër was? (2 x 2) (4)

3.1.6 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir ʼn historikus wat die behandeling van Jode in Nazi Duitsland onder Hitler bestudeer. (2 x 2) (4)

3.2 Oorweeg Bron 3B.

3.2.1 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron, noem die TWEE wette wat die Nurembergwette genoem is. (2 x 1) (2)

3.2.2 Haal bewyse uit die bron aan wat die siening ondersteun dat Sigeuners (‘Gypsies’) in Nazi-Duitsland wetlik uitgewis kon word. (1 x 2) (2)

3.2.3 Verduidelik die belangrikheid van die klassifikasie van mense in Duitsland as ‘sonder burgerskap regte.’ (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Hoe, volgens die inligting in die bron, sou die menslike ras verbeter word? (1 x 1) (1)

3.3.2 Waarom, volgens die bron, het die Nazi-regering ’n streng program van sterilisasie nagesteef? (1 x 2) (2)

3.3.3 Waarom, volgens jou mening, het Hitler minderhede vir vervolging geteiken? (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

Op watter manier is die menseregte van die Jode geskend deur die optrede van die polisie soos uitgebeeld in die visuele bron? (2 x 2) (4)

3.5 Hoe ondersteun Bronne 3A en 3D mekaar ten opsigte van die doelbewuste skending van die Jode se regte? (2 x 2) (4)

3.6 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ’n paragraaf van omtrent AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die wyses waarop menseregte van minderhede in Nazi-Duitsland geskend is tussen 1933 en 1945 wys of demonstreer. (8)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900–1940

Het Stalin se ekonomiese en ontwikkelingsprogramme daarin geslaag om Rusland vanaf 'n agtergeblewe land tot 'n moderne industriële mag te verander?

Ondersteun jou standpunt met relevante historiese bewyse. **[50]**

VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

Tot watter mate het Roosevelt se Nuwe Bedeling daarin geslaag om die negatiewe gevolge van die Groot Depressie in die Verenigde State van Amerika in te verlig die 1930's?

Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU

Bespreek tot watter mate die toepassing van eugenetika en sosiale Darwinisme die voortbestaan van die inheemse bevolking van Australië bedreig het en dui aan of dit tot volksmoord gelei het of nie. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorgehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore